

VOORWOORD PREFACE

Die gesegde lui: "Verandering is die enigste sekerheid." Dit is met groot opgewondenheid dat ons na 46 jaar van bekend staan as Kempton Park Eisteddfod, 2022 begroet met 'n splinternuwe naam: Nova Arté Uitvoerende Kunste!

Ons wil u graag verseker dat die enigste aspek van die organisasie wat verander, die naam is. U kan steeds vertrou op ons hoë standaard en geloofwaardigheid.

Hierdie sillabus vervang alle vorige sillabusse en is bindend vir hierdie jaar. Vergewis u asseblief deeglik van al die veranderinge in die sillabus.

Met inskrywing by Nova Arté Uitvoerende Kunste aanvaar elke afrigter, ouer en deelnemer alle reëls, alle reëlings betreffende afdelings, asook die uitslag van beoordeling.

Met inskrywingsgetalle wat steeds groei, is en bly Nova Arté Uitvoerende Kunste 'n geloofwaardige en gerekende kultuur platform.

Lae inskrywingsfooie maak dit ook bekostigbaar vir die meeste deelnemers.

Besoek asseblief die webwerf by www.NovaArte.co.za vir inskrywing en alle ander inligting.
U is welkom om ons te kontak indien u enige vrae het.

Onthou en let asseblief daarop dat geen deelnemer ingeskryf kan word alvorens die affiliasiefooi betaal is en die affiliasie geregistreer en geaktiveer is nie. Alles word aanlyn gedoen en betalings kan direk in die bankrekening gemaak word of deur middel van die aanlyn betaal opsie.

Besoek gerus ons facebookblad.

Nova Arté Groete
Die Bestuur

As the saying goes: "The only constant, is change." It is with great excitement that after 46 years of being known as Kempton Park Eisteddfod, we start 2022 with a brand new name, Nova Arté Performing Arts!

We would like to assure you that the only thing that will change about the organisation, is the name. You can trust that the standard and credibility will remain the same.

This syllabus replaces all previous syllabi and is binding for this year. Please acquaint yourself with all the changes made.

With entry into Nova Arté Performing Arts, each coach, parent and participant accepts all the rules, arrangements within sections, as well as results of adjudication.

With an entry count that is still growing, Nova Arté Performing Arts is and stays a credible and reckoned cultural platform.

Low entry fees ensure that it is affordable for most participants.

Please visit the website at www.NovaArte.co.za for entry and all other information.
Should you have any questions, you are welcome to contact us.

Please note that no participant can be entered before the affiliation fee has been paid and the affiliation has been registered and activated.

Everything is done online and deposits can be made into the bank account or via the online payment option.

You can now also visit our facebook page.

Nova Arté Greetings
The Committee